



# GEBEDSKRYGERS

## flits

GEBEDSKALENDER VIR  
 VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD



“Ek wil my hoop op U gevestig hou, U, my Sterkte, want U is my veilige vesting!” –Psalm 59:10 (1983)

### SIRIË

**21** Oor die afgelope paar maande is daar al hoe meer berigte van Christene wat van oorsee, of van ander areas in Sirië, terugkeer na hulle tuistes toe. Bid asseblief dat namate ons hierdie families help, dat ander ook aangemoedig sal wees om terug te keer na Sirië.

**22** Terwyl die oorlog in Sirië voortduur is die behoefte aan basiese noodsaaklikhede steeds h probleem. Bid asseblief dat ons broers en susters bemoedig sal word deur die hulp wat hulle wel ontvang. Bid ook vir geestelike bemoediging terwyl die situasie in Sirië h uiters nadelige uitwerking op hulle het.

### LIBIË

**23** Baie Christene worstel met bitterheid oor die wanorde wat tans in Libië heers. Die gevoel van onsekerheid en onveiligheid loop baie hoog. Bid dat God hierdie Christene sal versterk om die ander mense wat om hulle ly, te bemoedig.

### IRAK

**24** Die “Chaldean” kerk in Bagdad moes agt van hulle kerke sluit as gevolg van mense wat die stad verlaat. Bid asseblief dat Christene wat steeds in Bagdad is, bemoedig sal wees en sterk in hul geloof sal bly, ten spyte van die huidige situasie.

### VIËTNAM

**25** In 2016 is Donh\* deur die owerhede geslaan omdat hy geweier het om Christus te versaa. Prys die Here dat hy die Evangelie met sy familie kon deel wat Christus ook as hulle Verlosser aanvaar het. Bid vir krag vir Donh se familie omdat hulle ook geweier het om Christus te versaa en toe geslaan is.

### ETHIOPIË

**26** In 2013 is Motuma Kemedede ten aanskouing van sy vrou, Buze, sy seun, Wasihun, en sy dogter, Bachu, vermoor vir sy toewyding aan Christus. Bid asseblief vir gemoedsrus en volgehoue troos vir die familie terwyl hulle steeds vyandigheid in die gesig staar.

### PAKISTAN

**27** Bid vir Christene in Pakistan, veral vir dié wat in die gevaar is om deur vriende, familie en bure aangekla te word vir lastering teen Islam. Mag God vir hulle wysheid gee om die regte woorde te gebruik wanneer hulle met Moslems praat, veral oor godsdien.

### MAURITANIË

**28** Bid vir wysheid in die onderrig en die dissipel van ongeletterde Christene in Mauritanië. Dié wat die Goeie Nuus aanvaar het, is beperk in hulle vermoë om die Skrif op hulle eie te lees.



\*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsdoeleindes.



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362

E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org) | I [www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za)



@opendoorssa



Open Doors South Africa



open\_doors\_sa



open\_doors\_sa

## KIRGISTAN

**1** Pastoor Miran\* is valslik beskuldig en in die tronk gegooi vir die seksuele teistering van 'n skoolmeisie. Hy is sedertdien onskuldig verklaar en vrygelaat, maar word steeds deur die plaaslike owerhede vervolgd. Bid asseblief vir krag en volharding vir Pastoor Miran.

## CHINA

**2** Pastoor Matthew het sy linkerbeen ernstig beseer nadat hy geval het toe hy 'n steil heuwel uitgeklim het om besoek af te lê en te bid vir geïsoleerde Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond (GVM's). Bid asseblief vir genesing vir Pastoor Matthew sodat hy binnekort weer kan aangaan met sy werk onder die GVM's.

## BANGLADESJ

**3** In September, in Bangladesj, het Geopende Deure 'n Vrouekonferensie gehou om Christenvroue op te lei en toe te rus om die Kerk te bedien. Bid dat die vroue wat dit bygewoon het, geïnspireerd en bemoedig terugkeer het om in hulle plaaslike kerke te dien.

## INDONESIË

**4** In September, is 'n wegbreekgeleentheid, in vennootskap met sendingsorganisasies, vir Gelowiges vanuit 'n Moslem-agtergrond in Westelike Java gehou. Bid dat waar hierdie Christene terugkeer het na hul normale lewens, hulle verfris en versterk sal wees om vervolging te kan hanteer.

## INDONESIË vervolg

**5** Na afloop van die bomontploffings in Mei maand in Oos-Jakarta, het die regering, na verdere ondersoek, gevind dat daar meer as 'n dosyn Islamitiese Staat selle in Indonesië is. Bid dat 'n anti-terrorisme wet binnekort deurgevoer sal word, om die groei van hierdie selle stop te sit.

## MALEISIË

**6** In Maleisië word dit al hoe meer algemeen vir Moslems om uitsprake te maak teen Christelike evangelisasie. 'n Koalisie van nie-regering Islamitiese organisasies het nou voorgestel dat Christelike evangelisasie totaal verbied moet word. Bid vir wysheid vir die Kerk wanneer daar op hierdie voorstel gereageer word.

**7** Verlede maand het Christene in Maleisië verskeie *Standing Strong through the Storm*-seminare bygewoon om hulle te help om voorbereid te wees op vervolging. Bid dat God vir hulle wysheid en leiding sal gee om dit wat hulle geleer het in hulle daaglikse lewe toe te pas.

## MALEDIVE

**8** Bid vir toenemende eenheid en gesamentlike pogings onder al die sendingwerkers wat nuwe gelowiges in die Maledive dissipel. Bid dat God, hulle sal help

## MALEDIVE vervolg

om hulle verskille op sy te sit en eerder te fokus om die Koninkryk van God in die land uit te bou.

## SUIDELIKE FILIPPYNE

**9** Almira\* is in 'n Moslem-familie gebore, maar het 'n Christen geword nadat die man by wie sy huur die Evangelie met haar gedeel het. Almira verduur nou vervolging deur haar familie. Bid vir die saligheid van Almira se familie.

## MIANMAR

**10** Vroeër hierdie jaar is ongeveer 100,000 Christene geforseer om vanuit Mianmar te vlug vanweë vervolging. *"Hulle het mense vermoor, en mense tronk toe gestuur oor hulle geloof,"* het 'n Christen-vlugteling gesê. Bid vir God se beskerming en voorsiening vir

## MIANMAR vervolg

Christene in Mianmar.

## SRI LANKA

**11** In sekere dele van Sri Lanka word pastore en hulle gesinne deur Boeddhistiese bendes aangerand. Bid asseblief vir die beskerming van die pastore en hulle gesinne, asook vir die lede van hulle gemeentes wat geweld en diskriminasie in die gesig staar as gevolg van hulle geloof.

## LAOS

**12** Bid vir ons vervolgte broers en susters in Laos wat gevange geneem is omdat hulle hul geloof in die openbaar verkondig het. Bid vir hulle onmiddellike vrylating en dat alle Laasiaanse Christene eendag hulle liefde vir God sal kan verkondig, sonder die vrees van inhegtenisname.



Bid vir gelowiges vanuit 'n Boeddhistiese agtergrond in lande soos Mianmar, Sri Lanka en Laos wat deur hulle families, gemeenskappe en die owerhede vervolgd word omdat hulle Christus volg.

## SOMALIË

**13** Vanweë die uiterste gevaar en risiko, is daar nie baie bedieningswerkers in Somalië nie. Bid dat God, ten spyte van die gevaar, die deur vir vrugbare bediening in die land sal oopmaak sodat die Evangelie-boodskap al die mense van Somalië sal bereik.

## OOS-AFRIKA EILANDE

**14** Baie nuwe en onervare inheemse Christengemeenskappe kom na vore in sekere dele van die eilande – en hulle het 'n behoefte aan dissipelskap. Maar vanweë vervolging, is dissipelskap in hierdie areas moeilik. Bid vir waagmoed en wysheid vir kerkleiers om uit te reik na hierdie gemeenskappe.

## WES- EN SENTRAAL-AFRIKA

**15** In hierdie area is die vervolging van Christene deur die Hausa-Fulani veewagters, 'n radikale Islamitiese stam, aan die orde van die dag. Bid dat die lig van God deur die donkerte in hulle harte sal dring, sodat die veewagters Hom as hulle Verlosser sal leer ken.

## EGIPTE

**16** Die ekonomiese situasie in Egipte gaan steeds agteruit en goederepryse hou aan om te styg. Egiptenare is bekommerd oor die impak hiervan op hulle onvoldoende salarisse, namate hulle probeer om vir hulle families te voorsien. Bid dat hulle God sal ken as hul ruimhartige Voorsiener gedurende hierdie moeilike tyd.

## SOEDAN

**17** In Soedan raak dit al hoe moeiliker om as 'n Christen te leef. Die invloed van Islamitiese leiers op die regering is sterker as die regering se onderneming om menseregte te respekteer. Bid vir genade vir Christene om, ten spyte van die druk, vas te staan in hulle getuienis.

**18** In Soedan is kerkleiers die hoofteiken van sekuriteitsdienste wat Christene onophoudelik vervolgd. Bid vir die beskerming van hierdie kerkleiers, asook vir wysheid en waagmoed sodat hulle kan voortgaan met hulle bedieningswerk.

## TANZANIË

**19** Bid asseblief vir Emanuel, 'n voormalige Moslem-toor-dokter wat tydens 'n opelug diens 'n Christen geword het. Bid dat hy in die geloof sal groei en dat God hom van ander werk sal voorsien om vir sy familie te kan sorg.

## NIGERIË

**20** Twaalf-jarige Martina se pa is in 2005 haastig in 'n massa-graf begrawe, saam met ander wat gesterf het tydens gewelddadige konflik tussen Moslems en Christene. Dit het haar erg getraumatiseer, maar deur 'n trauma-genesingsprogram vir kinders, wat deur Geopende Deure aangebied is, kon sy vrede vind. Bid dat meer kinders deur hierdie program genesing sal ontvang.